# H O O F S T U K VI.

## OPLEIDING VAN GEKLEURDE MEDE-ARBEIDERS EN VERDERE VOORUITGANG VAN DIE MORAWIESE KERK- EN SKOOLWESE, 1869 - 1922.

### 1. Toepassing van die „Mission Land Bill" en verdere uitbreiding na stad en platteland.

(a) Na 1870 het toestande op al die skenkingstasies, uitgesonderd Clarkson, baie sorg vir die opvoedkundige bedrywighede van die Morawiërs gebaar. As gevolg van 'n gees van wantroue wat steeds onder die Kleurlinge aan toeneem was, het die agting vir die Blankes heeltemal gewyk. Na die Anglo-Boere-oorlog het hierdie vyandigheidsgees aansienlik verskerp en in 1905 tot allerlei stoornisse in Genadendal, Enon en Mamre aanleiding gegee.[1)]

In Genadendal het 'n groep onrusstokers nie alleen sommige gemeentelede met allerhande los praatjies tot afvalligheid aangemoedig nie,[2)] maar voortdurend die sendelinge daarvan beskuldig dat hulle die grond nie met nougesetheid in belang van die Kleurlinge administreer nie.[3)] Ten einde 'n hofgeding met die sendelinge aan te knoop, waarvan die uitslag moontlik tot die verdrywing van die sendelinge kon lei, het hulle 'n plantasie van die sending wederregtelik binnegedring en op vandalistiese wyse geplunder.[4)] Hierbenewens het hulle ook probeer om op alle „Kommunalerechnungs- und Katasterbücher" beslag te lê, maar vanweë 'n ongunstige sameloop van omstandighede kon hierdie wandaad, ondanks alle voorbereidings, nie gepleeg word nie.[5)]

Enon, daarenteë, is weer in so 'n mate deur 'n gees van ontevredenheid en hardnekkigheid geruïneer, dat die arbeid al-

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 369.
2. Ibid.
3. Ibid., 374.
4. Ibid., 369.
5. Ibid.

daar vir vier jaar gestaak moes word. Gedurende die vooraf-gaande periode het toestande dan ook so versleg dat die op-standelinge selfs hulle leraars, eerww. F.R. Rauh en F. Chle-boun, gedurende die Anglo-Boere-oorlog van simpatie en mede-werking met die Boere beskuldig het en as gevangenes aan die owerheid uitgelewer het. Alhoewel die sendelinge later vry-gespreek en van alle blaam onthef is, het hulle tog daarin ge-slaag om hierdie manne en hulle arbeid in 'n besondere slegte lig te plaas.[1]

Origens het 'n ander groep ontevredenes weer die stasie in 1906 verlaat en hulle sowat anderhalf uur vanaf Enon in die veld gaan vestig. Toe die blanke onrusstoker eindelik aan die kaak gestel en deur die regering gelas is om die stasie te verlaat, het die gevoelens van die medepligtiges bedaar en was hulle verplig om na hulle tuistes terug te keer.[2]

In Mamre het 'n soortgelyke opposisie-party die sendelinge heelwat hoofbrekens besorg. Omdat hulle van die standpunt uitgegaan het dat hulle sonder die hulp van die blankes kon klaarkom, het hulle onder meer geweier dat hulle dooies deur die sendelinge begrawe moes word.[3]

Bowendien het hulle ook op 'n stuk weiveld wat in 1842 deur die Morawiese Sending regstreeks van die Kaapse regering aan-gekoop is, aanspraak gemaak. Omdat hulle dit sedert die tyd vir weidingsdoeleindes teen die betaling van 'n klein bedrag-gie gebruik het, het hulle dit as van selfsprekend beskou dat die stuk grond hulle eiendom was. Ten einde hulle aanspraak op die betwiste stuk weiveld te bevestig, het die leier, Jo-hannes Adonis, 'n hofsaak met die sendelinge aangekoop. Al-hoewel die laerhof aanvanklik uitspraak ten gunste van die nuwe aanspraakmakers gegee het, het die hoërhof later bewys dat die teenoorgestelde die geval was.[4] Gevolglik het die

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 378.
2. Ibid.
3. Ibid., 376.
4. Ibid., 369.

regering hulle gehaas en in 1909 die „Mission Land Bill" deur die parlement geloods.[1]

Deur die aanname van hierdie wetsontwerp is daar voorsiening gemaak vir die beëindiging van die sekulêre beheer van die sendelinge en die instelling van 'n „Board of Management" bestaande uit 'n regeringsamptenaar as voorsitter en nege ander lede, waarvan ses deur die geregistreerde eienaars gekies en drie deur die Goewerneur-generaal benoem moes word. Alhoewel hierdie Bestuursraad se regulasies die krag van wet sou hê, het die regering heelwat magte gereserveer wat hom instaat sou stel om op te tree wanneer die liggaam in gebreke sou bly om behoorlik te funksioneer. Verder is 'n plaaslike belasting van 10/- per jaar van elke geregistreërde eienaar geverg en daar is ook bepaal dat alle agterstallige bedrae vereffen moes word. Ten slotte het die wet ook allerlei bepalings vir registrasie en oordraging (met goedkeuring van die Goewerneur-generaal) van tuin- en saaigronde sonder die gebruiklike formaliteite en uitgawes, asook die beheer oor gemeenskaplike weiding, bevat.[2]

Nadat die toestemming van die sendingowerhede verkry en die inwoners geraadpleeg is, is hierdie wet op Genadendal, Mamre en Enon toegepas. Deur die medewerking van superintendent eerw. K.T. Wolter, is die nuwe ordeninge in 1911 vir die eerste maal by hierdie stasies ingevoer.[3] Met die uitsondering van sekere opposisie-elemente in Mamre,[4] wat die gesag van die nuwe owerhede misken het, het die toepassing van die nuwe ordeninge andersins vlot van stapel geloop. Toe bestuursrade vir Mamre en Enon voor 1911 en vir Genadendal in 1916[5]

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 369.
2. Marais: The Cape Coloured People, 253-254.
3. Schulze: t.a.p., 370.
4. Hierdie opposisie-elemente het geweier om die jaarlikse belasting van 10/- te betaal. Gevolglik het die regering 20 berede polisie daarheen gestuur om op hulle besittings beslag te lê. Hierdie optrede van die regering het die opstandiges tot gehoorsaamheid gedwing en so is die fooie vereffen. Sien Schulze: t.a.p., 369.
5. Marais: The Cape Coloured People, 254.

ingestel is, kon die sendelinge vir die eerste maal vry asemhaal en hulle onverdeelde aandag aan die geestelike bearbeiding van hulle gemeentelede wy.

Met die blanke sendelinge op die agtergrond het die nuwe rade nou volop geleentheid gehad om die regeringsowerhede te oortuig waartoe hulle instaat was. Ofskoon die Departement van Naturellesake in hulle verslag van 1919 dan ook van mening was dat die wet heeltemal bevredigend gewerk het,[1] het die praktyk later bewys dat hulle in hierdie opsig 'n groot mistasting begaan het.

Nieteenstaande die nabyheid van sekere skenkingstasies soos Genadendal en Mamre, waar stoornisse hoogty gevier het, het die bestaande eiendomstasies te Elim en Wittewater 'n vreedsame ontwikkeling gedurende hierdie periode deurgemaak.[2]

Vanweë hierdie toestand van selfvoldaanheid en tevredenheid het Elim buitengewone vordering op geestelike sowel as tydelike gebied gemaak. Tuinbou en saaiboerdery het geflooreer en baie inwoners het 'n goeie bestaan op boerplase, die naburige soutpan te Springfield, die bosbouplantasies te Elgin sowel as met visvangs en arbeid op die spoorweë, gemaak.[3] Ook is daar gedurende hierdie periode heelwat verbeterings tot stand gebring. Behalwe die daarstelling van 'n blomhuis (1896) en 'n nuwe winkel (1898), die omskepping van die ou watermeul in een wat deur 'n motor aangedryf word (1899) en die verlegging van die loop van die Nuwejaarsrivier, is daar ook van staatsweë 'n poskanteer (1905) en 'n polisiestasie (1916) tot bevordering en beskerming van die publiek opgerig.[4]

Wittewater daarenteë het nie so gunstig ontwikkel as wat aanvanklik verwag is nie. Hoewel die Algemene Sinode na die aankoop van Goedverwacht in 1889 die vervreemding van hierdie stasie voorgestaan het, is die besluit nooit ten uitvoer

1. Marais: The Cape Coloured People, 254.
2. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 380.
3. Winckler: Elim, 1824-1924, 12-13.
4. Ibid., 13.

gebring nie omdat die verwydering van sowat 260 siele te veel ontwrigting sou meebring. So het hierdie sendingstasie dan bly voort bestaan, maar is toentertyd as 'n soort takgemeente vanuit Goedverwacht bedien.[1]

Gedurende hierdie periode is daar ook tot die aankoop van Goedverwacht in 1889 oorgegaan. Toe die laaste slavin, Christiana Louis, eienares van Burgershoek, op 28 Desember 1888 oorlede is, moes die plaas ooreenkomstig die testament van mnr. Burger verkoop word.[2] Indien die grond in die hande van 'n vreemdeling sou oorgaan, was dit hoogs onwaarskynlik of hy so 'n groot aantal Kleurlinge, wat omstreeks die tyd reeds op 700 te staan gekom het, daar sou gedoog. Daar die sending reeds vanaf 1884 eienaar van die bergland rondom Burgershoek was, het hierdie omstandigheid veel daartoe bygedra dat hulle die toekomstige besitter van die plaas geword het.[3] Toe die eiendom dan 'n jaar na die oorlye van bovermelde erfgenaam te koop aangebied is, het die Morawiese Broederkerk as die eerste aanspraakmaker die wettige besitter vah Goedverwacht geword.

Die inwoners van hierdie stasie het sedert vroeg as hardwerkende tuiniere, saaiboere en ambagsmanne bekendheid verwerf. Verder het hulle ook heelwat verbeterings i.v.m. die aanlê van paaie en waterleidings aangedurf wat veel tot die vooruitgang van die sendingstasie bygedra het.[4]

(c) Wat die vry- of buitestasies betref, staan hierdie periode in die teken van 'n kragtige uitbreiding na buite wat veral gepaard gegaan het met „Aufnahme der Arbeit in den groszen Städten und endlich durch Ausdehung des Wirkungsbereiches der Landstationen auf Auszenstationen und Predigt-plätze".[5]

Aanvanklik was hierdie uitbreiding langsaam, maar teen die einde van die neëntiende en die begin van die twintigste

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 381.
2. Die Huisvriend, 24 Oktober 1934; Sien artikel, Goedverwacht en Wittewater, deur R. Schmidt.
3. Schulze: t.a.p., 381.
4. Die Huisvriend; t.a.p.
5. Schulze: t.a.p. 373

eeu het die tempo so versnel dat finansiële bronne dikwels te kort geskiet het. Naas die vorige buitestasies waarna ons dan vroeër verwys het, is die volgend gedurende hierdie periode aangelê: Pella, Westwood, Midland en Modderrivier. (Mamre).

Aan die einde van 1869 is die Johanneskerk op die uithoek van Mamre se grond deur die toedoen van eerw. A.H. Jannasch tot die status van buitestasie verhef.[1] In 1883 is dit tot 'n selfstandige gemeente verklaar en in die daaropvolgende jaar is eerw. Carl Jonas as die eerste kleurlingleraar van hierdie verspreide gemeente bevestig. Sedertdien het hierdie stasie besonder snel vooruitgegaan en teen 1899 het die aantal huise op 23 te staan gekom. Op die naburige Dassenbergvlakte waar ander lidmate van Pella gewoon het, het daar ongeveer drie maal soveel geboutjies verrys. Origens was daar ook heelwat gemeentelede op die omliggende boerplase werksaam.[2]

Ondanks alle vooruitgang op kerklike gebied, het hierdie stasie nooit groot moontlikhede op tydelike gebied in die vooruitsig gestel nie. Gevolglik het alle ingesetenes maar 'n sukkelbestaan gevoer en dit dikwels lastig gevind om hulle persoonlike verpligtings na te kom.

Ten einde die verlies van Pella te vergoed, is daar dan aan die begin van die twintigste eeu drie ander buitestasies te Westwood (1904), Midland (1904) en Modderrivier (1906) aangelê.[3]

Sondagskloof. As gevolg van die uitgestrektheid van die gemeente Elim, het die buitestasie te Houtkloof onvoldoende geblyk. Op versoek van die inwoners van Sondagskloof wat besonder ver van die hoofstasie geleë is, is daar dan op 8 Desember 1878 nog 'n buitestasie vir hierdie geweste aangelê. Hoewel die geestelike bearbeiding aanvanklik 'n ernstige opflikkering getoon het, moes alle sendingbedrywighede vanaf 1910 tot 1919

---

1. Die Huisvriend, 20 November 1938; Sien artikel, Pella, deur R. Schmidt.
2. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 383.
3. Ibid., 377.

hier weér gestaak word. Vanaf 1919 is die werksaamhede weer hervat en sedertdien was daar werklik blyke van vordering.[1]

Moravian Hill, Maitland en Lansdowne (Kaapstad).

Tydens die amptelike besoek van biskop J.F. Kühn, 1882-'83, is daar op sy versoek met die bearbeiding van etlike honderde lidmate wat van plattelandse gemeentes na Kaapstad gestroom het, 'n begin gemaak.[2]

Vanaf 1883 tot 1891 is die opbou van 'n stadsgemeente in Kaapstad aan die bekwame leiding van eerw. E. Hickel toevertrou. Vir die doel is toe 'n geskikte stuk grond in die middestad aangekoop en binne enkele jare het daar 'n kerk (1886), 'n skool, 'n sendingpastorie en 'n onderwyserswoning verrys.[3] Hoewel hierdie gemeente te Kaapstad of Moravian Hill soos dit bekend gestaan het, aanvanklik fluks vordering gemaak het, het dit omstreeks 1906 ernstige terugslae beleef omdat die armoedige stadsbewoners nie instaat was om, vanweë hulle karige verdienstes, die nodige bydraes vir kerk- en skooldoeleindes te betaal nie. Gevolglik het daar weer 'n eksodus van die stad na die platteland plaasgevind.[4] Nadat die ekonomiese depressie verby was, het die gemeente van Moravian Hill weer vinnig opgang gemaak. Baie van die eertydse lidmate het egter verkies om hulle in die omgewings van Maitland en Lansdowne te vestig. Gevoglik moes hierdie lidmate opgespoor en vanuit die midde-stad bearbei word.[5]

Met die oog op verdere uitbreiding het die Morawiese Broederkerk in 1902 nog 'n stuk grond in Maitland aangekoop om die belydende lidmate en ander heidene van daardie geweste beter te bearbei.[6] Ten einde 'n permanente gemeente in die omgewing in stand te hou, is daar 13 huurhuisies opgerig en 'n voltydse

---

1. Winckler: Elim, 1824-1924, 22.
2. Schmidt: Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes, 11.
3. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 383.
4. Ibid.
5. Die Huisvriend, 22 Oktober 1950; Sien artikel, Kaapstad en Port Elizabeth, deur R. Schmidt.
6. Schulze: t.a.p., 384.

kleurlingleraar, Josua Jonker, aangestel.[1]

Net soos in die geval van die moedergemeente het hierdie jong gemeente ook, vanweë terugslae op ekonomiese gebied, aanvanklik met ernstige ontvolkingsprobleme te kampe gehad. Met verloop van tyd is hierdie moeilikhede egter oorbrug en was hulle instaat om die arbeidsveld alhier verder uit te bou. So is dan ook in 1920 'n klein Naturellegemeentetjie, wat deur 'n evangelis in hulle eie taal bedien is, vanuit Maitland aangelê.[2]

Ook in Lansdowne, wat tot dusver nog alytd vanuit Moravian Hill bearbei is, was daar groot vooruitgang op kerklike gebied te bespeur. Gevolglik is daar dan op 16 Maart 1916 'n nuwe gemeente van die Morawiese Broederkerk vir hierdie geweste van die stad gestig.[3]

Entembeni, Elindale, Berseba en Blouleliesbosch (Enon).

As gevolg van die tweeslagtige aard van die ingesetenes van Enon, het botsings tussen die Kleurlinge en die Naturelle op die lang duur onvermydelik geblyk. Ten einde soiets te voorkom, is daar dan deur laasgenoemde volgelinge in 1894 twee buitestasies, Etembeni en Elindale, langs die Sondagsrivier, aangelê. Hierby is vier jaar later nog 'n derde buitepos, Berseba, gevoeg.[4]

Nadat daar op eersgenoemde twee buitestasies vir enige jare met groot vrug gearbei is, is alles in 1900 deur die insypeling van onrusstokers ongedaan gemaak. Gevolglik is alle sendingbedrywighede op hierdie stasies gestaak en alle aandag aan Berseba gewy.[5]

Ten einde hierdie gevoelige verlies te vergoed, is daar in 1914 'n nuwe buitestasie te Blouleliesbosch, in die distrik van Humansdorp, aangelê. Nadat daar gedurende die eerste helfte van dieselfde jaar 'n kerkgebou en 'n skool vir die

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 384.
2. Ibid.
3. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
4. Schulze: t.a.p., 378.
5. Ibid., 378-379.

basters[1] van hierdie uithoek van die Tsitsikama opgerig is, het die nuwe buitepos spoedig opgang gemaak en tekens van selfstandigheid begin toon. Hoewel dit nog vir enige jare vanuit Enon bedien en later verder vanuit Clarskon bearbei is, is dit uiteindelik tot hoofstasie verklaar.[2]

Moravian Hope, Seaview en Walmer (Port Elizabeth).

Alhoewel die gemeente Moravian Hope eers in 1899 tot stand gekom het, is die bearbeiding van verstrooide lidmate van die Morawiese Broederkerk in Port Elizabeth reeds vanaf 1894 of 1895 deur ŉ jong Kosa, Moses Mtimkulu van Wittekleibosch, waargeneem. Nadat hy in 1894 deur eerw. A.E. Schmidt van Enon vir geestelike werk bekwaam is, het hy heelwaarskynlik gedurende 1895 met die hou van dienste ŉ begin gemaak.[3] Die meeste siele wat hier onder toesig van die leraar van Enon deur Mtimkulu bearbei is, was meestal van Enon, Clarkson, Wittekleibosch, Snyklip, Etembeni en Kraggakama afkomstig.[4]

Toe dit later blyk dat hierdie evangelis nie alles kon baasraak nie, is die ywerige seun van die Enonse leraar, L.R. Schmidt (later eerw. Schmidt) daarheen gestuur om hom te ondersteun. Nadat Mtimkulu hom later aan wangedrag skuldig gemaak en eindelik deur eerw. F.R. Rauh en biskop P.O. Hennig ontslaan is, het Schmidt die werk alleen onder toesig van die leraar van Enon voortgesit. Met behulp van ŉ tolk, Johannes Grootboom, en ander troue ondersteuners is dan gereelde dienste in Uitenhage, Kraggakama en ŉ privaatskool van ŉ sekere mnr. ? Kemsley te Port Elizabeth gehou.[5]

---

1. Hierdie basters is eintlik die nasate van twee blankes, William Thorn en Peter Cunningham wat waarskynlik met gekleurde vroue getroud was en aan wie hierdie eiendom, Bloulieliesbosch, ongeveer 298 morge groot, toegeken is; Sien Report of the Coloured Mission Stations, Reserves and Settlements, Inter-Departmental Committee of Inquiry, 945, 48-49.
2. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 379.
3. Die Huisvriend, 22 Oktober 1950; Sien artikel, Kaapstad en Port Elizabeth, deur R. Schmidt.
4. Goue Jubileum, Moravian Hope, Port Elizabeth, 1899-1949, 2.
5. Ibid., 5.

Deur middel van 'n legaat, wat deur 'n sekere mnr. ? Morton in Engeland aan die Morawiese Broederkerk geskenk is, is uiteindelik in 1898 'n selfstandige gemeente, Moravian Hope, in hierdie stad gestig. Nadat 'n kerkgebou en 'n leraarswoning twee jaar later in Mountweg verrys het, het die werk meteens wortel geskiet en buitengewone vordering gemaak.[1]

Omdat hierdie moedergemeente aanvanklik Kleurlinge sowel as Naturelle ingesluit het, is daar in 1902 'n buitestasie vir die Fingoes in die voorstad, Walmer, gestig. As gevolg van die gebrek aan fondse moes daar sowat ag jaar verloop alvorens daar 'n doeltreffende kerkgebou vir hierdie buitepos kon opgerig word.[2]

In 1903 het die Morawiese Broederkerk in Kraggakama nog 'n stuk grond langs die kus aangekoop en daar 'n gemeente, Seaview, vir die buitelede van Port Elizabeth gestig.[3] Nadat die houtkerkie wat vroeër in Kraggakama gebruik is, hierheen verplaas is, het eerw. P. Mosel in alle erns met die opbou van hierdie gemeente begin.

As gevolg van die ernstige ekonomiese depressie in die daaropvolgende jare het die ingesetenes nie alleen met onoorkomelike probleme i.v.m. die instandhouding van die gemeente te kampe gehad nie, maar tewens ook 'n mark vir veld- en tuinvrugte in die stad weens gebrek aan doeltreffende vervoer, verloor. Omdat die gemeente nie op die duur teen al hierdie moeilikhede bestand was nie, is die sendingstasie weer in 1910 opgebreek.[4]

Kapteinskloof en Verlorenvlei (Elandsbaai).

Die Kleurlinginwoners van hierdie twee valleie is reeds vanaf 1899 deur die evangelis, Andreas Benjamin, op onvermoeide wyse vanuit Goedverwacht bearbei. Die werk in Verlorenvlei het egter gouer opgang gemaak en gevolglik kon daar

---

1. Goue Jubileum, Moravian Hope, Port Elizabeth, 1899-1949,2.
2. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 385.
3. Ibid.
4. Ibid., 386.

reeds in 1903 'n buitestasie te Elandsbaai aangelê word.[1] In Kapteinskloof, daarenteë, is daar tot 1914 'n sukkelbestaan gevoer. Eers hierna het die sendeling van Goedverwacht daarin geslaag om onderhandelings met 'n nuwe eienaar, mnr. ? Basson, aan te knoop waardeur die Morawiese Broederkerk die reg verkry het om 'n sinkgeboutjie op sy grond op te rig wat vir kerksowel as skooldoeleindes kon aangewend word.[2] Gedurende die eersvolgende jare is daar dan merkbare vordering gemaak.

<u>Tygerhoek-Waterford en Greyton.</u>

Wat die bestaande buitestasies van Genadendal betref, het alles nie so gevlot as wat aanvanklik in die vooruitsig gestel is nie. Ondanks alle periodieke bearbeiding vanuit Genadendal, het Berea duidelike tekens van agteruitgang getoon en moes die werksaamhede later in Twistwyk vanweë die onsimpatieke optrede van die nuwe eienaar in 1905 beëindig word.[3]

Ten spyte van al hierdie terugslae, kon die werk elders hervat word. So is daar byvoorbeeld in 1878 'n nuwe buitestasie te Tygerhoek op versoek van die eienaar, mnr. ? Vigne, aangelê.[4] Ter bevordering van die geestelike en onderwysbelange van die Kleurlinge van daardie omstreke, is daar in 1884 'n kamer op inisiatief van twee dogters van die eienaar opgerig en tot die beskikking van die besoekende sendelinge van Genadendal gestel.[5]

Alhoewel hierdie buitepos vir enkele jare na die Anglo-Boere-oorlog gesluit verklaar is, is die werksaamhede weer in 1906 op versoek van die susters Vigne te Tygerhoek-Waterford, hervat. Sedert die tyd het die geestelike bearbeiding onder die persoonlike toesig van eerw. R. Schmidt van Genadendal gestaan, terwyl die susters Vigne self 'n belangrike aandeel i.v.m. die skoolopvoeding van die kinders gelewer het.[6]

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 382.
2. Schreve: Kapteinskloof (Ongepubliseerde artikel).
3. Schulze: t.a.p., 375.
4. Die Huisvriend, 29 Maart 1936; Sien artikel, Ons werk in skool en kerk in Kopjeskasteel (Brakfontein) en in Tygerhoek-Waterford, deur R. Schmidt.
5. Ibid.
6. Ibid.

In 1910 is daar 'n nuwe buitestasie te Greyton, ongeveer drie myl van Genadendal af aangelê om sodoende die inwoners van Boschmanskloof en dié van die dorpie beter te bearbei. Vir die doel is by die ingang van die dorp 'n ou gebou as onderwyserswoning van 'n sekere mnr. ? Schulz asook 'n stukkie grond met die huidige kerkie daarop, aangekoop.[1] Ten spyte van gereëlde bearbeiding vanuit Genadendal, het hierdie buitestasie nooit enige noemenswaardige vordering gemaak. nie.

2. Opleiding van Kleurlingleraars en buitengewone vordering op kerklike, godsdienstige en morele gebied.

(a) Nadat eerw. W.F. Bechler in 1874 as superintendent die tuig neergelê het, het eerww. W.T. Bauer (1874-'92), P.O. Hennig (1892-1902), K.T. Welter (1902-812) en R.J. Marx (1912-'35) agtereenvolgens as die geestelike leiers en organiseerders van die Morawiese Broederkerk gedurende hierdie periode, opgetree.[2]

Ten einde praktiese uitvoering aan die selfstandigheidsgedagte van die Algemene Sinode van 1869 te gee,[3] word hierdie tydvak veral gekenmerk deur 'n buitengewone ywer van die kant van die superintendente om die arbeidsveld uit te brei en weer selfstandige gemeentes in die lewe te roep. In hierdie verband het hulle dan ook buitengewone steun van besoekende sendingdirekteure soos biskop F.W. Kühn (1882-'83), dr. C. Buchner (1892-'93), H. Kluge (1911) en biskop A. Ward (1920) ontvang.[4] Andersyds is die selfstandigheidsgedagte ook kragtig deur die vriendelike medewerking van gemeentelede in die algemeen en die bydraes van evangeliedienaars in die besonder bevorder.

As gevolg van die kumulatiewe werking van al hierdie faktore het die aantal selfstandige stasies gedurende hierdie periode dan van 7 tot 11 gestyg, terwyl die aantal buitestasies vir dieselfde tydperk van 6 tot 16 vermeerder het. Bowendien

---

1. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
2. Schmidt: Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes, 11-12.
3. Ibid., 10.
4. Ibid., 11-12.

het die arbeid ook tot verskillende boerplase uitgebrei waar met verloop van tyd preekplekke ontstaan het.[1]

Origens is daar ook met behulp van plaaslike fondse[2] en skenkings van oorsee[3] sierlike en stewige godshuise in Moravian Hill (1886), Genadendal (1893), Goedverwacht (1896), Moravian Hope (1901), Wittewater (1912), Bloueliesbosch (1914) en Pella (1916) opgerig.[4] Die fasiliteite op buitestasies, daarenteë, was natuurlik nie so ideaal nie. Nietemin is op al hierdie oorde lokale van hout[5] of sink[6] daargestel wat voorlopig as kerk en skool moes dien.

(b) Ten einde volkome uitvoering aan die selfstandigheidsgedagte te verleen, moes daar ook met verloop van tyd vir die opleiding van gekleurde geestelikes voorsiening gemaak word. Omdat die nodige fasiliteite in hierdie verband nog ontbreek het, is daar naas die „helpers" waarna ons vroeër verwys het, ook van evangeliste gebruik gemaak. Dusdanige persone was in die reël leke wat onder die leiding van diensdoende sendelinge op die verskillende hoofstasies vir geestelike werk bekwaam is. Sodra hierdie periode van voorbereiding verstreke is, het hulle dan onder die toesig en met voorligting van blanke sendelinge as voltydse evangeliste gearbei.[7]

Verder is die onderwysers op buitestasies ook meestal as sendinghelpers (Missionsgehilfen) gebruik. Daar sulke buiteposte hoogstens periodiek deur blanke leraars vanuit hoofstasies besoek kon word, is die individuele bearbeiding van siele en die hou van godsdiensoefeninge uitsluitlik deur hulle waar-

---

1. Vir preekplekke, sien Winckler: Elim, 1824-1924, 22 en Die Huisvriend, 29 Maart 1936, artikel, Ons werk in skool en kerk in Kopjeskasteel (Brakfontein) en in Tygerhoek-Waterford.
2. Vir plaaslike fondse, sien Die Huisvriend, 2 Oktober 1934; Die Huisvriend 20 November 1938; Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 383-384.
3. Vir skenkings, sien Schulze: t.a.p., 385.
4. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
5. Vir houtlokale sien Schulze: t.a.p., 385-386.
6. Vir sinklokale sien Schreue: Kapteinskloof (Ongepubliseerde artikel).
7. Schulze: t.a.p., 394.

geneem.[1]

Hoewel die eerste ordening van twee gekleurde geestelikes, Carl Jonas en Johannes Zwelibanzi, in 1883 tydens die amptelike besoek van biskop F.W. Kühn plaasgevind het,[2] het die eintlike opleiding van mede-arbeiders eers in 1887 begin.[3] Deur die toedoen van eerw. T. Renkewitz is 'n tweejarige teologiese kursus (later bo-klas of Bybelklas genoem) vir kwekelinge na die aflegging van hulle onderwyserseksamen in Genadendal, geopen. Vakke soos Bybelstudie, Bybelkunde, geskiedenis van die Morawiese Broederkerk, kennis van die Duitse Taal en praktiese oefening i.v.m. die hou van proefpreke is aanvanklik anngebied.[4]

Nadat daar vir enige jare heelwat teologiese kandidate opgelei is, is die voorbereiding van gekleurde geestelikes aan die begin van die twintigste eeu tydelik gestaak. Hoewel daar later weer vanaf 1908 tot 1912 dergelike kursusse vir die opleiding van mede-arbeiders gereël is, moes hierdie belangrike vertakking van die kweekskool andermaal tot 1921 beëindig word.[5]

Ten einde hierdie jeugdige arbeiders die nodige geleenthede te bied om tot volle ontplooiing te kom, het hulle aanvanklik op die grootste stasie waar hulle as onderwysers werksaam was, ook as deeltydse „helpers" van blanke leraars gedien.[6] Ondanks blyke van groot bekwaamheid wat hulle spoedig aan die dag gelê het, was die rasseteenstelling destyds nog so skerp dat die selfstandige leiding van groter gemeentes nie in hulle hande kon geplaas word nie. Bowendien was die toestande op sommige skenkingstasies ook so gekompliseerd dat die teenwoordigheid van blanke leraars op dergelike stasies

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 395.
2. Schmidt: Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes, 11.
3. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 13.
4. Ibid.
5. Ibid., 17.
6. Schulze: t.a.p., 395.

onmisbaar geblyk het. Nietemin is daar wel op enkele stasies soos Pella en Maitland met die gebruik van Kleurlingleraars geëksperimenteer.[1]

(c) Ten spyte van die feit dat die sendelinge aan die begin van hierdie periode nie meer met 'n kompakte heidendom soos vroeër te doen gehad het nie, het die onderrig op geestelike en morele gebied nog altyd dieselfde gebly. Behalwe die bediening van die Woord en die sakramente, was die vernaamste taak van die leraar nog altyd om die jeug en nuwelinge in Sondagskole en tydens jaarlikse katkisasies tot volwaardige lidmate van die Morawiese Broederkerk voor te berei. Hierbenewens is ook ou gebruike soos „Het algemene Spreken" en die hou van periodieke byeenkomste vir kinders, ongetroudes, getroudes, wewenaars en weduwees om vermanings en voorskrifte vir elke stadium van die lewe by hulle tuis te bring, nog steeds in ere gehou.

Ten einde gemeentelede verder langs regte weë te lei, is daar ook met die druk en verspreiding van die bekende tydskrifte, „De Bode" en „Het Maandbladje voor Kinderen", later „De Kindervriend", en ander geskikte lektuur vir kerklike gebruik, voortgegaan.[2] Toe bovermelde maandbladjies uiteindelik in 1914 gestaak is, is in plek daarvan die populêre godsdienstige Sondagblad, „Die Huisvriend", uitgegee.[3] Benewens treffende traktaatjies soos „Geschiedenis van 17 Augustus 1727" en „Geschiedenis van 13 Augustus en 13 November 1741" waarin onvergeetlike insidente in die geskiedenis van die Morawiese Broederkerk op realistiese wyse vertel word, het ook die volgende publikasies vir gemeentelike werk die lig gesien: Gezangboek; Litanieën en Gezangen; Christenleer (P.O. Hennig), 1901; Christenleer I en II (T. Nitschmann), 1905; Bybelgeschiedenissen (P.O. Hennig); Avondmaalsboekje (A.E. Schmidt);

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 395.
2. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 21.
3. Ibid..

Zions Gezangen (C. Günther); 50 Bybelspreuken en 50 Gezangboekverzen en Wetten en Bepalingen voor het Bestuur van de Broederkerk in Zuid-Afrika West, K.P., 1921.[1]

Deur hierdie en ander pragtige bydraes waarna vroeër verwys is, het die Morawiese Broeders nie alleen daarin geslaag om die geestelike en morele belange van die gekleurdes aansienlik te bevorder nie, maar hulle ook in staat gestel om groter selfstandigheid op kerklike gebied te bereik.

Aan die ander kant is die kerklike en gemeenskapslewe van baie stasies dikwels deur die bedrywighede van idealiste en die tydsgees na die Anglo-Boere-oorlog op beklaenswaardige wyse verstoor en ontsier.[2] Origens was die innerlike verval van ontwortelde lidmate ook so groot dat die karakter van stadsgemeentes in vergelyking met dié van die platteland heeltemal verander het. Geestelike proletariate wat steeds besig is om hulle meer en meer van die kerklike lewe te vervreem, het gevolglik hier ontwikkel.[3]

Desnieteenstaande het die grootste persentasie siele nog altyd lewende lidmate gebly. Die geestelike groei was derhalwe heeltemal gesond en het tewens ook noemenswaardige bewyse van vordering op elke terrein van die kerklike lewe getoon. Newegaande statistiese oorsig vir die jare 1870, 1896, en 1912 staaf hierdie bewering.

| | 1870 | 1896 | 1912 |
|---|---|---|---|
| Aantal hoofstasies | 7 | 10 | 11 |
| Gedoopte lidmate | 5592 | 8898 | 12422 |
| Avondmaalgsgangers | 1552 | 2753 | 3685 |
| Doopkandidate en nuwe lede | 1533 | 1020 | 814 |
| Aantal lede onder kerklike sorg | 7125 | 9918 | 13236 |

[4]

3. <u>Die Genadendalse Kweekskool vir opleiding van kwekelingonderwysers.</u>

(a) Hoewel sir Langham Dale nie daarin geslaag het om die kweekskool te Genadendal in 'n opleidingsinstituut vir

---

1. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 21.
2. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 400.
3. Ibid.
4. Ibid. 407.

kleurlingkwekelinge te omskep nie, het hy nog steeds hoë agting vir die pionierswerk wat deur die Morawiërs in hierdie verband verrig is, bly koester. Die Broeders daarenteë het weer met die grootste nougesetheid aan al die vereistes wat deur die Superintendent i.v.m. die opleiding van kwekelingonderwysers gestel is, voldoen en vanaf 1875 gereeld kandidate gestuur om aan die staatseksamens deel te neem.[1)]

Toe Dale later in 1892 deur sir Thomas Muir opgevolg is, het die nuwe onderwyshoof gevind dat die opleiding van alle kwekelingonderwysers 'n opknapping nodig gehad het.[2)] By wyse van 'n deeglik-hersiende stel van regulasies is die kwekelingstelsel toe op behoorlik georganiseerde grondslag geplaas en die weg na grondige toekomstige opleiding deur middel van opleidingskole begin.[3)]

Ten einde Genadendal as 'n ideale sentrum vir Kleurlingkwekelinge te behou, het dr. Muir weereens in 1896 'n tweede aanbod van uitgebreider staatsteun aan die sendingowerhede gedoen. Ooreenkomstig hierdie aanbod was die Superintendent bereid om 'n deel van die salaris van die onderwyser te betaal indien die getal studente met 15 vermeerder kon word.[4)] Daar die destydse direkteur, eerw. T.G. Renkewitz, egter van mening was dat die instituut sy oorspronklike karakter moes behou, is die vriendelike aanbod andermaal van die hand gewys.[5)]

Eers nadat die kweekskool vanaf 1904 prakties onder die beheer van die Provinsiale Bestuur van die Morawiese Broederkerk geplaas is, het die nuwe direkteur, eerw. A.A. von Dewitz, 'n beleid van nouer samewerking met die Onderwysdepartement voorgestaan.[6)] Gevolglik is daar in 1913 vir die eerste maal 'n bedrag van £200 aan die kweekskool toegestaan op voor-

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 392.
2. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652-1939, 112.
3. Malherbe: Education in South Africa, 1652-1922, 172; Van den Heever en De V. Pienaar: Kultuurgeskiedenis v.d. Afrikaner, Deel 2, 321.
4. Schmidt: Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 13.
5. Ibid., 14.
6. Ibid., 15.

waarde dat die gekleurde assissent deur ŉ bevoegde blanke vervang moes word.[1] Omdat die Provinsiale Bestuur bereid was om aan hierdie voorwaarde te voldoen, kon hulle sedertdien op gereelde staatsteun aanspraak maak.

Nieteenstaande dit, is die voortbestaan van hierdie geliefde inrigting na die Eerste Wêreldoorlog met ondergang bedreig. Inflasie in Duitsland het die finansiële ondersteuning wat hulle tot dusver nog jaarliks vanuit die Schönburg-Waldenburg-legaat ontvang het in so ŉ mate laat inkrimp, dat hulle nie meer instaat was om die kosskool met welslae aan die gang te hou nie.[2] Toe die Onderwysdepartement in 1920 weereens daarop aandring „that the school should be staffed with competent European teachers",[3] het die Provinsiale Bestuur hulle onvermoë betuig en die inrigting gesluit verklaar.[4]

Om egter ŉ totale ineenstorting van alle pionierswerk te voorkom, is alle kwekelinge daarna met verlof van die Onderwysdepartement aan die Genadendalse Sendingskool verder opgelei.[5]

(b) Nadat eerw. R.J. Ballein in 1882 as hoof van die kweekskool afgetree het, het eerww. T.G. Renkewitz (1882-1904), A.A. von Dewitz (1904-'09), T.D. Schreve (1909-'13), R.J. Marx (1914-'20) en G. Hettasch (1921-'27) agtereenvolgens as direkteure opgetree.[6]

Ofskoon daar gedurende die eerste twee dekades van hierdie periode nog steeds van sendelinge soos J.H. Zachert, C.S. Günther, F.R. Rauh en H.M. Bau as assistente gebruik gemaak is,[7] het eerw. Renkewitz en sy opvolgers veral aan gekleurde leerkragte voorkeur gegee omdat hulle die blankes in prak-

---

1. Schmidt: Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 18.
2. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 392.
3. Schmidt: t.a.p., 19.
4. Ibid.
5. Ibid.
6. Ibid., 11-19.
7. Ibid., 9 en 12.

tiese kennis van drukwerk, bekwaamheid in musiek en vaardigheid in Engels grootliks oortref het. Bowendien het die praktyk nie alleen bewys dat blanke assistente nie instaat was om binne 'n periode van vier jaar op stryk te kom nie, maar dat die vordering van eksamenkandidate ook voortdurend deur die periodieke verwisseling van dusdanige blanke leerkragte bedreig is.[1] Ten einde hierdie struikelblokke i.v.m. die suksesvolle afronding van kleurlingkwekelinge te voorkom, het die volgende Kleurlinge t.w. E. Weber, E. Dietrich, B. Oppelt, W. Johannes, F. Johannes, A. Lesch, R. Balie, E. Weber en T.C. Hardenberg gedurende die daaropvolgende jare as kontinue assistentonderwysers aan die opleidingsinstituut opgetree.[2]

Vanaf 1914 tot 1920 was die Provinsiale Bestuur egter verplig om van hierdie beleid af te sien en gevolglik het hulle ooreenkomstig die voorwaarde waaronder finansiële steun aan die inrigting toegesê is, 'n bekwame blanke in die persoon van mnr. E. Baumgarten aangestel.[3] Toe die sendingowerheid na die vertrek van laasgenoemde in 1920 nie langer aan hierdie voorwaarde kon voldoen nie, is die opleiding van die kwekelinge hierna uitsluitlik deur die direkteur en die hoof van die sendingskool, eerw. D. Kroneberg, waargeneem.[4]

(c) Ooreenkomstig die Schönburg-Waldenburg-legaat waaruit alle fondse vir die instandhouding van die kweekskool afkomstig was, kon aanvanklik slegs mans as kwekelingonderwysers opgelei word. Ten einde dusdanige studente die nodige fasiliteite te bied, is hulle in 'n kosskool wat aan die inrigting verbonde was, gehuisves en saam met diensdoende leraars en ander dosente op gemeenskaplike wyse versorg.[5]

Toe egter in 1882 'n aparte huishouding vir die kwekelinge deur die toedoen van eerw. Renkewitz ingestel is, het hy en

1. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 13.
2. Ibid., 12-17.
3. Ibid., 18.
4. Ibid., 18-19.
5. Ibid., 12.

sy gade wat sedertdien as huisouers van die kôsskool opgetree het, die inrigting so gesentraliseer dat die studente gedurende hulle studiejare geen vryheid geniet het om met die buitewêreld in aanraking te kom nie.[1] Om te verhoed dat hiervervreemding langer sou voortduur, het sy opvolger, die proses van eerw. Von Dewitz, die Algemene Sinode in 1905 versoek om die studente nie alleen meer vryheid te verleen nie, maar ook die bande met die ouerlike huis, volksgenote en gemeentelede te versterk. Nadat goedkeuring vir so 'n stap van die Sendingdireksie ontvang is, is die inrigting op so 'n grondslag geplaas dat alle opvolgers daarna dit as verdienstelik aanvaar het.[2]

Omdat die kweekskool dan in werklikheid nooit enige ruimte vir die huisvesting van kwekelingonderwyseresse gebied het nie, moes dergelike persone maar meestal privaat opgelei word.[3] Eers nadat genoeg klaskamerruimte deur die verwydering van die drukpers beskikbaar was, is toe in 1916 vir die eerste maal met die opleiding van jong dogters as kwekelinge 'n daadwerklike begin gemaak.[4] Ook in hulle geval is die departementele vereiste wat met verloop van tyd tot std. VI verhoog is, streng gehandhaaf.[5]

Om egter met die vooruitgang van die onderwys in die algemeen tred te hou, is die leerplan vir kwekelingonderwysers gedurende hierdie periode ook dikwels hersien. Die eerste belangrike verandering in hierdie verband is dan ook reeds in 1873 aangekondig, toe dr. Dale vir sy „Elementary Teachers' Certificate" Engels verpligtend gemaak en Hollands met Kaffertaal op gelyke voet geplaas het.[6] Daar die leerplan sedertdien geen wesentlike verandering ondergaan het nie, het dit met verloop van tyd so verouderd geraak dat dr. Muir in 1894 nie alleen verplig was om die hele kwekelingstelsel te

---

1. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 12.
2. Ibid., 15.
3. Ibid., 11.
4. Ibid., 18.
5. Report of the Superintendent-General of Education, 30 Sept., 1912, 29.
6. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652-1939, 109.

reorganiseer nie, maar tewens ook die eksamenvereistes op 'n hoër peil te plaas. So moes kandidate hierna minstens 10 uur per week aan praktiese onderwys bestee en nie minder as 4 uur per week onderrig van die hoof van die instituut ontvang nie. Origens is die inhoud van die driejarige kwekelingkursus ook aansienlik verryk en voortaan moes vakke soos Engels, Hollands, Rekenkunde, Aardrykskunde, Geskiedenis, Sang, Teken, Swartbordwerk, Aanskouingslesse, Liggaamsoefeninge, Handwerk, Skoolbeheer en Higiëne vir eksamendoeleindes onderrig word.[1] As gevolg van hierdie skielike verhoging van die eksamenvereistes, het eerw. Renkewitz dit raadsaam geag om die driejarige kursus tot ses jaar te verleng en die kwekelinge naas hulle professionele opleiding ook praktiese onderrig in vakke soos drukwerk, houtwerk, tuinwerk en musiek te verskaf.[2] Ofskoon sy opvolgers later met verskeie van hierdie bykomstige vakke weggedoen en selfs die kursus tot sy vereiste duur gereduseer het, het hy nogtans daarin geslaag om heelwat bekwame medearbeiders vir kerk- en skooldoeleindes langs hierdie weë te kweek.

Toe uiteindelik in 1913 'n gewysigde driejarige kursus bekend as die „Third Class Teachers' Certificate (Junior)" vir kleurlingkwekelinge ingestel is, het daar nie alleen 'n permanente differensiasie tussen die leergange van blankes en nie-blankes ingetree nie, maar is die ou onderwysdoel wat deur die Morawiërs i.v.m. die opleiding van veelsydige mede-arbeiders nagestreef is, vir goed die kop ingeslaan.[3] Daar die kweekskool sedertdien uitsluitlik tot beskikking van die staat gestel is, het alle klem daarna slegs op die afronding van toegewyde onderwysmanne geval.

Ten slotte dien daar ook op gewys te word dat die inrig-

1. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652-1939, 119.
2. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 13. Wat die musieklesse betref, is onderrig gratis deur mev. Renkewitz verskaf; Sien Schmidt: t.a.p., 13.
3. Report of the Superintendent-General of Education, 30 Sept., 1913, 21.

ting in die afgelope vyftig jaar steeds sy bestaan geregverdig het. Die inskrywings het selde twintig oorskrei en nooit benede twaalf gedaal nie.[1] Origens was die afronding ook van so 'n aard, dat bemoedigende uitslae jaar na jaar behaal is.[2]

4. Groter staatsteun vir sendingskole en verbeterde onderwystoestande op hoof- en buitestasies.

(a) As gevolg van die groter mate van staatsteun wat gedurende hierdie periode aan nie-blankes in die algemeen toegeken is, het die Morawiese sendingskole buitengewone vordering op onderwysgebied beleef.

Die belangrikste ontwikkeling staan egter in verband met die verbetering van die finansiële posisie van Kleurlingonderwysers. Die Onderwyswet van 1865 het aanvanklik belangrike staatsteun gebied, maar met verloop van tyd het dit so ontoereikend geblyk dat 'n verbetering van die diensvoorwaardes 'n noodsaaklike vereiste was. Ten einde hierdie leemte aan te vul, het Dale die onderwysberoep deur middel van goeiedienstoelae, waaruit die eerste wetgewing i.v.m. onderwyspensioene in 1887 gebore is, aansienlik bevorder.[3] Hierdie pensioene is bereken volgens die goeiediens-toelae wat in die geval van sendingskole alleen vir die hoofde beskikbaar was. Dit is as volg vasgestel:

(i) £6 na 'n dienstyd van 5 jaar;
(ii) £9 na 'n dienstyd van 10 jaar.
(iii) £12 na 'n dienstyd van 15 jaar.

In 1896 is die goeiedienstoelae verder verhoog met die gevolg dat die pensioene ook outomaties vergroot is.[4] Die basis van die verhoging was die volgende:

(i) Na 5 jaar goeiediens, 25% van die oorspronklike basiese regeringsalaris per jaar;
(ii) Na 10 jaar goeiediens, 35% van die oorspronklike basiese regeringsalaris per jaar;

---

1. Vir inskrywings, sien Reports of the Superintendent-General of Education, 1903, 16b; 1914, 66a; 1915, 63a.
2. Vir uitslae, sien Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 393.
3. Van den Heever en De V. Pienaar: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel 2, 316.
4. Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, 1937, 355.

(iii) Na 15 jaar goeiediens, 40% van die oorspronklike basiese regeringsalaris per jaar.

In die geval waar die regeringsalaris meer as die helfte van die hele salaris was, is die persentasies bereken slegs op die helfte van die hele salaris.[1)]

In 1897 is daar weereens verbetering t.o.v. Kleurlingonderwysers aangebring. Die outoriteite het nl. bepaal dat 'n jaarlikse toelae (die grootte waarvan nie vermeld word nie) bo en behalwe die £15 wat normaalweg die onderwysersalaris was, vir salarisverhoging beskikbaar gestel word in geval die gemiddelde bywoning by 'n sendingskool meer as 'n 100 kinders was. Daar moes egter vir elke £1 wat aldus toegeken is, 20/- plaaslik bygedra word, met dien verstande dat die maksimum vir elke addisionele 100 kinders £40 nie te bowe gaan nie.[2)]

Voorts is daar in 1918 deur die toedoen van die nuwe Superintendent-generaal van Onderwys, dr. W.J. Viljoen, 'n ordonnansie deurgeloods wat die salarisse van hoofde en assistente aan sendingskole gereël het. 'n Maksimum salaristoelaag van £108 per jaar is aan hoofde toegesê terwyl assistente 'n maksimum van £72 per jaar gekry het met dien verstande dat die Departement £3 gee vir elke £1 deur die bestuurder van 'n bepaalde skool aangebied.[3)]

Toe twee jaar later vryonderwys vir Kleurlinge kragtens Ordonnansie No. 26 van 1920 ingestel is, het die Onderwysdepartement uiteindelik die volle verantwoordelikheid aanvaar om voortaan die salarisse van Kleurlingonderwysers te betaal. Die maksimum vir hoofonderwysers is toe op £144 en dié vir assistente op £96 per jaar vasgestel.[4)]

Alhoewel bovermelde reëling deur die bestuurders van die Morawiese en ander sendinggenootskappe luid toegejuig is, het die onderwysers egter 'n meer bevredigende skaal geëis omdat hulle van mening was „dat tengevolge van de onrekbaarheid

---

1. Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, 1937, 355.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid.

daarvan er dikwels ontberingen worden geleden".[1] Nadat Ordonnansie No. 26 van 1920 dan deur die Gekonsolideerde Ordonnansie No. 5 van 1921 vervang is, is die volgende verbeterings vir Kleurlingonderwysers in die vooruitsig gestel:

(i) 'n Besoldiging van £120 vir elke assistent na 'n dienstyd van 21 jaar;
(ii) 'n Jaarlikse verhoging tot die bedrag van £20 vir elke leerkrag met 'n kwalifikasie hoër as die gewone O3 (Junior);
(iii) 'n Verhoging van die maksimum salaris van hoofonderwysers van skole met 'n gehandhaafde inskrywing van minstens 100 leerlinge;
(iv) 'n Geringe onderskeid in die salarisse van vroulike en manlike hoofde van skole.[2]

Ten gevolge van bovermelde verbeterings i.v.m. salarisse en ander diensvoorwaardes vir Kleurlinge was die Morawiese Broeders instaat om gaandeweg 'n aansienlike onderwyserskorps vir hulle dagskole op te bou. Weliswaar het die toevoer van vroue tot die professie nog heelwat sorg gebaar, maar nadat daar in 1916 'n daadwerklike poging i.v.m. die opleiding van dusdanige persone aangewend is, het die getalle in hierdie verband ook fluks gevorder.[3]

As opvoedkundiges en steunpilare op geestelike en kulturele gebied het hulle unieke prestasies gelewer en sodoende 'n betekenisvolle kentering op sosiale gebied teweeggebring.[4] Origens het hulle ook belangrike bydraes ter bevordering van die onderwys van hulle mede-volksgenote in die algemeen gelewer. So is daar veral op hulle inisiatief en met medewerking van Kleurlingonderwysers van ander denominasies die bekende „Teachers' League" in 1913 tot stand gebring. Deur middel van hierdie liggaam is sedertdien veel gedoen om die skoolonderrig te verbeter, eenheid en vriendskap onder mede-kollegas te bevorder en die professionele status van Kleurlingonderwysers te verhoog.[5]

---

1. Rapport van de Superintendent-Generaal van Onderwys, 31 Des. 1920, 9.
2. Report of the Superintendent-General of Education, 31 Dec. 1921, 32.
3. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 18.
4. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 394.
5. Ibid., 393-394.

(b) As gevolg van die geleidelike toename van skoolbevolkings op ou stasies soos Genadendal en Elim het die plaaslike owerhede spoedig met groot akkommodasie-probleme te kampe gehad.

In die geval van Genadendal, het die amalgamasie van die jongen- en meisieskole in 1873 so 'n akute skoolbehuisingsprobleem geskep dat die oprigting van 'n ruimer gebou die enigste praktiese oplossing was.[1] Omdat staatsteun vir dergelike doeleindes nog nie beskikbaar was nie,is daar deur middel van basaars en ander vrywillige bydraes 'n som van sowat £255 vir die oprigting van 'n ruimer skool ingesamel. Met behulp van hierdie fondse en gratis dienste van sommige gemeentelede is die bestaande lokaal, wat gedeeltelik afgebreek en verruim is, tot 'n sierlike gebou in 1880 omskep.[2] Verder is ook enige jare later 'n industrieskool (1885) en 'n doelmatiger kleinkinderskool (1892) vir die substanderds opgerig.[3]

Ook wat Elim betref, het die skoolbevolking gedurende die sewentigerjare so vermeerder dat die beskikbare ruimte ontoereikend geblyk te wees het. Ten einde hierdie probleem die hoof te bied, is daar toe in 1877 'n veel ruimer gebou (later bekend as „de Kleine School") vir die beginners opgerig.[4] Alhoewel hierdie verbetering aanvanklik heelwat verligting gebring het, was dit egter duidelik dat 'n reserwefonds vir toekomstige uitbreidings opgebou moes word. Toe daar in 1913 uiteindelik 'n bedrag van £360 ingesamel is, het 'n soortgelyke gebou wat tot beskikking van die groter leerlinge gestel is, op dieselfde terrein verrys.[5]

Hierdie proses van verbetering het gestadigd voortgeduur totdat uiteindelik ook die bestaande kerklokale te Goedver-

---

1. Schmidt: Terugblik op het begin en de voortgang van het werk in de school te Genadendal 1737-1814 en 15 Julie 1814-15 Julie 1914, 12.
2. Totale boukoste het op £739.5.7 te staan gekom; die balans, £483.10.5, is twee jaar later afbetaal - Sien, Schmidt: Terugblik, 12-13.
3. Ibid., 13.
4. Totale boukoste het op £372.18.8 te staan gekom, waarvan £289.18.8 tydens die inwydingsplegtigheid afbetaal is - Sien, Winckler: Elim, 1824-1924, 11.
5. Ibid., 11.

wacht (1912), Blouleliesbosch (1914) en Wittewater (1918) deur doeltreffende skoolgeboue vervang is.[1]

Benewens hierdie interne vordering, is daar ook as gevolg van die doelbewuste uitbreiding na buite, nuwe dagskole op die volgende buitestasies opgerig: Pella (1870),[2] Tygerhoek (1892),[3] Moravian Hill (1886),[4] Moravian Hope (1900),[5] Houtkloof (1904),[6] Maitland (1903),[7] Seaview (1903),[8] Woodlands (?)[9] Kafferbos (1904),[10] Waterford (1907)[11] en Kapteinskloof (1914).[12] Die skoolgeboue op hierdie buitestasies het egter inisieel deurgaans veel te wense oorgelaat. Vanweë die gebrek aan fondse en knellende skuldelaste ten gevolge van die genootskap se verpligtinge ten opsigte van die reedsbestaande kerke en skole op hoofstasies, was die vooruitsigte om hierdie nuwe buitestasies te bevoordeel, uiters skraal. Bowendien het die Eerste Wêreldoorlog met sy gevolglike styging in prys van boumateriaal, arbeid en algemene lewensonderhoud verlammend op enige poging tot verbetering ingewerk.[13]

Nadat hierdie benarde posisie herhaaldelik deur skoolinspekteurs onder die aandag van die Provinsiale Administrasie gebring is, het die owerhede besluit om die Morawiese en ander sendinggenootskappe 'n mate van staatsteun toe te sê. Hierdie steun was nie van onmiddellike aard nie, want kragtens Ordonnansie No. 12 van 1918 sou daar slegs in die toekoms aan

---

1. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.
2. Die Huisvriend, 20 Nov. 1938; Sien artikel, Pella, deur R. Schmidt.
3. Die Huisvriend,29 Maart 1936; Sien artikel, Ons werk in skool en kerk in Kopjeskasteel (Brakfontein) en in Tygerhoek-Waterford, deur R. Schmidt.
4. Die Huisvriend, 22 Oktober 1950;Sien artikel, Kaapstad en Port Elizabeth, deur R. Schmidt.
5. Die Huisvriend,12 Maart 1939;Sien artikel, Morawiese Kerk te Port Elizabeth, deur R. Schmidt.
6. Winckler: Elim, 1824-1924, 21.
7. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 384.
8. Goue Jubileum Moravian Hope, Port Elizabeth, 1899-1949,6.
9. Report of the Superintendent-General of Education, 3 Sept. 1903, 42b.
10. Ibid., 30 Sept., 1905, 54b.
11. Die Huisvriend,29 Maart 1936;Sien artikel, Ons werk in skool en kerk in Kopjeskasteel (Brakfontein) en in Tygerhoek-Waterford, deur R. Schmidt.
12. Schrewe: Kapteinskloof (Ongepubliseerde artikel).
13. Rapport van de Waarnemende Superintendent-generaal van Onderwys, 30 Sept., 1916, 10.

alle goedgekeurde skoolgeboue wat na 1 April 1918 opgerig is, 'n huur van 3% p.a. op die boukoste deur die Provinsiale Administrasie betaal word.[1] Nietemin het hierdie tegemoetkoming op die genootskap se private inisiatief prikkelend gewerk.

(c) Net soos voorheen het alle beheer i.v.m. die Morawiese sendingskole nog uitsluitlik by die kerk berus.

Ten einde hierdie beheer te verseker en die immergroeiende finansiële laste i.v.m. die verskaffing van skoolgeboue en aanvulling van die salarisse van onderwysers die hoof te bied, was die kerk verplig om die skoolgelde vir alle Kleurlinge vanaf 1869 stelselmatig te verhoog.[2]

Terwille van die opvoeding van hulle kinders het die armoedige ingesetenes van hoof- en buite-gemeentes hierdie verswaarde laste gewilliglik getors. Om hulpbehoewendes by te staan, het sommige gemeentes met heel oorspronklike planne voor 'n dag gekom. Genadendal het bv. 'n „Vrijwillige Schoolhulp Komitee" gestig wat hom beywer het vir die aankweking van die belangstelling vir die opvoeding en vir die insameling van fondse waarmee arm gemeentelede in staat gestel is om hulle verpligtinge t.o.v. die skool na te kom.[3]

Na die Anglo-Boere-oorlog merk ons egter 'n paar stoornisse in die gelykmatige gang van sake. Ontevredenheid met die huidige toedrag van sake het 'n aantal ekstremistiese elemente aangevuur om aan twee skenkingstasies onreëlmatighede te pleeg. So is in Genadendal 'n skoolstaking (Schulstreik) geloods,[4] terwyl die ouers van Enon geweier het om skoolgelde te betaal. In laasgenoemde geval moes die skool toe vir ongeveer vier jaar gesluit word aangesien die staatsteun onmiddellik teruggetrek is.[5]

---

1. Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, 1937, 355.
2. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 397.
3. Schmidt: Terugblik op het begin en de voortgang van het werk in de school te Genadendal, 1737-1814 en 15 Julie 1814-15 Julie 1914, 13.
4. Schulze: t.a.p., 399.
5. Ibid., 378.

Desnieteenstaande het die verhoogde lewenskoste gaandeweg so 'n nadelige uitwerking op skoolwese in die algemeen gehad, dat skoolinspekteurs voortdurend oor ongereëlde skoolbywoning en onvereffende skoolgelde moes kla.[1] Om hierdie ongesonde toestand uit die weg te ruim, is daar uiteindelik vryonderwys vir alle gekleurdes deur die Provinsiale Administrasie in 1920 ingestel.[2] Hierdie stap is deur die Morawiese Sending en hulle volgelinge met groot toejuiging begroet. Onmiddellike toestroming in skole het gevolg en feitlik oornag 'n nuwe probleem van akkommodasie en tekort aan leerkragte geskep.[3]

(d) Wat die inhoud van die onderwys vir Kleurlinge betref, het alle klem aanvanklik op tradisionele vakke soos lees, skrywe en reken geval.[4] Dit was die toedrag van sake tot 1894 toe dr. Muir hierdie leerplan wat vir beide blanke- en kleurlingskole gegeld het, hersien en verryk het. Deur die aanstelling van gespesialiseerde instrukteurs, het hy toegesien dat vakke soos sang, naaldwerk, houtwerk, teken, kookkuns, natuurstudie, ens. behoorlik georganiseer en doseer word.[5]

Weens gebrek aan fasiliteite en leermiddele in Kleurlingskole kon hierdie nuwe leerplan in hulle geval nie behoorlik toegepas word nie. Dit spreek dus vanself dat die Kleurling nie die beoogde vrug van hierdie verruimde leerplan kon pluk nie. Bowendien is die suksesvolle toepassing daarvan ook verhinder deur die feit dat Kleurlinge met enkele uitsonderinge, nooit verder as std. IV gegaan het nie.[6]

Verbetering in hierdie verband het eers in 1921 ingetree, toe daar vir die eerste maal 'n aparte leerplan vir kleurling-

---

1. Reports of the Superintendent-General of Education, 30 Sept. 1907, 7; 30 Sept., 1907, 4.
2. Rapport van de Superintendent-generaal van Onderwys, 31 Des. 1920, 9.
3. Ibid., 10.
4. Report of the Superintendent-General of Education, 30 September 1914, 19.
5. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652-1939, 117.
6. Reports of the Superintendent-General of Education, 30 Sept., 1902, 12; 30 Sept., 1906, 9; 30 Sept., 1908, 9; 30 Sept., 1913, 8; 30 Sept., 1917, 6.

skole opgestel en vir oorweging gepubliseer is. Hierdie konsep-leerplan was 'n selektiewe samevatting van die blanke- en naturelle-leerplanne sodat dit meer bepaald aan die vereistes en niveau van die Kleurling voldoen het.[1)]

---

1. Report of the Superintendent-General of Education, 31 Dec., 1921, 32.